Ps 42: 1, 3.
Ges 57: 3, 4.
Ges. 58: 5, 8.

Salig die wat Treur. Aak. | 11. 3. 62

Jes. 57: 14-21

Matt. 5: 4 - Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.

„Nêrens is daar meer teenstrydighede saamgetrek in so min sinne as in die 8 saligsprekinge" het iemand beweer wat hd. verse d. eerste maal gehoor het. Oppervlakkig lyk dit waar te wees. Waar bv. is die sin in hd uitspraak: Teks? Hoe kan treurendes ooit gelukkig wees? Watter droefhd is ooit aangenaam? Het Xtus werklik presies gemeet wat Hy bedoel het toe Hy gesê het: Salig is die wat treur want hulle sal vertroos word?

Laat ons eers gaan na: wat verstaan Xtus onder „treurendes"? Die Bybel self gee ons hier d. antwd v laat ons duidelik sien dat daar 2 soorte droefhd en hartseer ild lewe is: nie alle treurendes word vertroos nie!

I Troostelose Treur — 'n Onmoglike Hartseer. Dis d. droefheid van selfsug wat nie verder gaan nie, as o/v van selfsug en selfbejammering wat nie verlossend, mr. juis verwoestend werk.

Esau bv. het so getreur nadat hy sy eersgeboortereg verkoop het — en tog het sy droefheid hom niks gebring nie. „Want hy het geen geleentheid tot berou gevind nie, al het hy dit met trane gesoek."

Die ryk jongman het ook so getreur. Hy het bedroefd weggegaan met sy vol geldbeurs maar sonder Jesus.

Ook Judas het getreur — en homself doodgemaak — en sy treuring het hom nie een lewenslik genuttig. Mr. sy treuring het hom nie een lyflik genuttig — dit was 'n treur nader aan Jesus gebring nie — dit was 'n onmoglike hartseer.

So is dit ook m. d. man of vrou wat 'n geliefde verloor het en wat nie kan ophou treur nie — kan hom/haar nie van sy/haar huis, graf, goedjies

hoaskeur nie. Die dood v. so 'n geliefde laat d. agterblywende met 'n gevoel van verontregting – sê dit ook: Waarom God my so diep bedroef? Wat anders as selfbejammerende, in jouself ingekeerde droefheid – troosteloos, onvrugbaar!

En waarom is dit so? Waarom bring hd. soort droefheid geteur jou nêrens? Omdat dit d. droefhd is van mense wat Xtus nie wil inlaat, wat Xtus nie wil toelaat om vir hulle d. pad v. verlossing en bevryding uit hulle droefheid aan te dui nie! Dis d. droefheid wat jou van binne verteer!

'n Mens kry hd. negatiewe droefhd ook soms in die Kerk, by Xtene. Elke Kerk het sy groep professionele treuraars: hulle kla oord. nêrens, of hulle veroordeel almal wat nie soos hulle dink of doen nie, of hulle verval in diepe pessimisme oor d. tekens v.d. Xdom, of hulle leef in wantroue en agterdog of mes teen medemense wat van hulle verskil. Al hd. dinge is onvrugb. droefhd: → word nie vertroos nie!

II Troosryke Treur – Vrugbare Droefheid. Laat Jesus Xt. self vir ons uit sy eie lewe verduidelik wat Hy met hd. aangespreking bedoel:

A. Dit val ons op dat daar nêrens melding gemaak word dat Jesus grappe gemaak het of gelag het nie. Dit wil nie sê dat Hy dit nooit gedoen het nie, mr. algemeen word aanvaar dat sy stille erns die botoon gevoer het: wat ons wel weet is dat Hy soms diep bedroef was. En die aard en oorsaak v. hd. droefhd laat ons op 'n wonderlike manier sien wat Hy bedoel het toe Hy gesê het: „Salig is hulle wat treur...“

① Lazarus: Toe Hy Maria se diepe droefhd aanskou het Hy geween, nie omdat Laz. dood was nie – want Hy het geweet dat Hy Laz. netnou gaan opwek – mr. omdat Hy hier voor Hom mens sien hoeveel smart d. dood (d. pynlikste teken v. sonde) meebring – hoe magteloos d. mens in die greep v. hd. wreedheid is!

② Jerusalem: En toe Hy as Koning met Hosanna-gesang die Triomftog in Jerusalem beleef, is dit droefhd wat by Hom oorheers – die smart van 'n Koning wat sy volk wou red en verlos as Hy sê: „As jy tog maar geweet het, ja, ook in hd. dag van jou die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek“

③ Gethsemane: Waar Hy uitroep: „My siel is diep bedroef tot die dood toe“. Waarom? Omdat Hy bang was vir d. dood? O nee – mr. omdat Hy moes uitmaak of sy sterwe ad. Kruis werklik d. mens sou verlos

B. Ook Paulus ken hd. droefheid: Sy droefhd oor homself: sy sondige aard en neiginge as hy uitroep: „Ek, ellendige mens wie sal my verlos v.d. liggaam v. hd. dood?“ Sy droefhd oor d. geestl. [illegible] van d. gemeente v Korinthe wat hulle in trots verhef ipv. treur oor hulle hoogmoed (1 K. 5:2) en Galate: „My kinders, vir wie ek in barensnood is tot Xtus 'n gestalte in julle kry!“

C. Die Xten die ware Xten – ken hy nie ook hd. droefhd nie:

① in ons persoonlike lewe: die smart v. teleurgestelde verwagtinge ild huwelik, van vergeefse smeking om 'n kindjie, v.d. dood v. dierbares (Donala-ramp) O, hoe kan hd. droefhd ons nie verteer tensy ons God toelaat om dit vir ons te verklaar of te verwerk in seën en oorwinning!

② in ons geestl. lewe: ons swak gebedslewe, ons valse nederigheid, ons gebrek aan ywer vir God in sy diens, ons vrees om te getuig van

ons Xtenskap, ons Sondaggodsd. wat Maandag saam m. ons Klere was-toe gaan! O, as ons dit net wil erken en bely en opreg daar treurhee sal Xtus dit dan nie verander!

③ in ons Kerkl-lewe: Oor d. verdeeldhd v.d. Kerk v Xtus, die verskeurdhd v. d. liggaam v. JX, die onbewoondheid v. so baie preke en besoeke, die onbekendheid v so baie harte! Het u al daaroor getreur soos u en ek getreur het oor d. wêreld? Is ons broederskap ons nie 'n skande?

III Geluk: Hoe word ons gelukkig in en deur so 'n droefheid? Waar kan d. salig ni?

Hier, sê Jesus dat Hy d. oorsaak v. alle droefheid - d. sonde, oorwin het, klaar oorwin het! Golgotha kom het oy opstanding na al d. lye v. Golgotha kom het oy opstanding ... Die Here het waarlik opgestaan! sy dissipels juig: Die Here het waarlik opgestaan! Was dit nie oy blye behefte aan Martha by haar. se graf: Ek is d. opstanding v d. lewe! Daarom is ons smart v pyn v lyding nie op 'n end nie, m. in beginsel is dit alles oorwin! Omdat ons weet: ons treur nie soos hulle wat geen hoop het nie! Temidde v alle ongeluk 'n diep, heilige, ware geluk!

Die daarom hou ons aan:

① stry teen pers. swakhede ② veg teen onchrist-gewoontes ③ getuig teen alle vorms v. onreg ④ werk aan d. ware eenhd v.d. Kerk v Xtus ⑤ bid om d. koms v Gods Koninkryk! Salig is hulle wat so treur, want hulle sal vertroos word!

→ Glo u dit? Of nie? Soek u 'n ander soort troos! die v.d. drankkabinet, van 'n ander man se mooi vrou, die v.d. trots van u prestasies, van d. prestige van u sosiale posisie? Onsalig is u wat so feesvier, want u sal nie vertroos word!